AFFIES IN: COURIER & SASOLBURG STER

Hoenderborg vir hokkiespan

Die 0/16 binnemuurse seunshokkiespan van die Afrikaanse Hoërskool Sasolburg het onlangs 'n borgskap van KFC Sasolburg ontvang. Die span bestaan voor van links uit mej. Hester Burger, mnr. Braam Peyper en Pieter Nel (Kaptein). Agter staan Cobus van der Merwe, Fredo Vorster, Werner Schriven, Jandré Joubert, Herman de Wet en Marno Gibbon. Die twee afrigters is regs mejj. Hester Burger and Liandri Janse van Vuuren.

Bobaas musikant

Konri Bekker van die Afrikaanse Hoërskool, wat musiek by mev. Ansie Papenfus neem, het die volgende prestasies by die Vaaloewer Kunswedstryd behaal: 3x A+ simbole (85-89%) en 3x A++ simbole (90%+). Sy ontvang ook die Bobaastoekenning vir musiek.

Hokkiespan deur KFC geborg

Afrikaanse Hoërskool Sasolburg se o/16 seuns binnemuurse hokkiespan is deur KFC Sasolburg geborg. Voor: Mej. Hester Burger, mnr. Braam Peyper en Pieter Nel (kapt.. Agter: Cobus van der Merwe, Fredo Vorster, Werner Schriven, Jandré Joubert, Herman de Wet en Marno Gibbon.

Die Afrikaanse Hoërskool Sasolburg (Affies) se "spintwins", Ryno van Rensburg en Tommie Arpin.

Die gelykop wat soos 'n wen gevoel het

SASOLBURG. - Die Afrikaanse Hoërskool in Sasolburg (Affies) se o/15A-krieketspan het op 3 September 'n ligawedstryd teen die Hoër Volkskool in Heidelberg gespeel.

Affies het eerste gekolf en kon slegs 87 lopies aanteken. Die Volkies was op pad om die wedstryd op 'n drafstap te wen. In een stadium was hulle telling 82/4.

Danksy Affies se "spintwins", Ryno van Rensburg en Tommie Arpin, was hulle 82/5, 84/6, 85/7, 85/8, 86/9, 87/10; 87 almal uit. Vir Affies was dit die terugkeer van die dekade.

Die wedstryd het gelykop geëindig, maar vir Affies was dit soos 'n wen en vir die Volkies soos 'n reuse-drag slae.

OKTOBER & NOVEMBER 2011

Olimpiade-deelnemers

Die volgende Affies leerlinge het aan die jaarlikse Nasionale Bio-Science Olimpiade vir Graad 8 en 9 deelgeneem. Voor: Tommie Arpin, Tjaart du Toit, Joané de Jager, Adel Opperman, Bonnelie Opperman. Agter: Arno Strydom, Donovan Rahilly, Helgard van der Westhuizen, Pieter van Wyk, Naimari Lewis en Jumari Viljoen. Afwesig: Dewald le Roux. Joané de Jager behaal 'n gesamentlike 5de plek (nasionaal) en lewer die beste prestasie in die Vaaldriehoek.

Affies in skooiklere en pantoffels op 'n wintersdag het al 'n bekende gesig geword. Die pantoffeldag wat jaarliks deur Affies se VCSV gereël word, is 'n fondsinsamelingsprojek. Vanjaar se opbrengs word aan 'n kinderhuis in Vanderbijlpark geskenk. Op die foto van links is Hesti-Mari Kleynhans, Ina-Marie Jansen van Rensburg, Bernette van Straaten, Anrica Coetzee en Anelmarie Janse van Rensburg.

Affie-leerling verstom

Emmie Venter van die Afrikaanse Hoërskool Sasolburg het puik presteer by die Vaaloewer Kunswedstryd. Sy neem klavier by mev. Ansie Papenfus, viool by mev. Jana Lechtman en vir die vokale nommers het mev. Anita Lombard van Affies haar afgerig. Emmie het die volgende simbole behaal: klaviersolo A+, klaviersolo A++, klavierduet (met Konri Bekker) A++, viool en klavier (Konri Bekker klavier, Emmie viool) A+, strykorkes A, sangduet met Letisha Ganz A+, sangduet met Chamari Lessing A en dogtersensemble A+.

Affies loods Alzheimer-projek

'n Personeellid van die Afrikaanse Hoërskool is persoonlik so geraak deur die gevolge van siektes van demensie, soos Alzheimer se siekte en Parkinson se siekte, dat 'n projek met leerlinge van die dramagroep geloods is. Dit behels 'n toneelstuk en kort praatjie om mense oor hierdie siektes en die wrede gevolge daarvan, bewus te maak. Die projek word geloods in hoër- en laerskole in die Vrystaat en is by die eerste optredes baie goed ontvang. Die betrokke leerlinge is baie opgewonde daaroor. Hulle is Janine Joubert, Joané de Jager, Marno Gibbon, Amishka Hattingh en Juanita Swart. Hier is Joané de Jager, Marno vd Westhuizen, Juanita Swart en Amishka Hattingh tydens die opvoering.

Kitaarspeler van formaat

Vincent Vermaak van die Afrikaanse Hoërskool Sasolburg neem ligte musiek (Almsa) by Elizna Steenkamp in Vaalpark en het in die afgelope Vaaloewer Kunswedstryd die volgende simbole vir sy kitaarspel ontvang: trio A+, ensemble A+, kitaargroep A++, kwartet A++ en duet A++.

Rugby-uitblinker

Rholane Ncubuca, 'n leerling van Afrikaanse Hoërskool in Sasolburg het onlangs in Queenstown aan die Coca-Cola o/16 Grant Khomo-rugbyweek deelgeneem.

Oud-Affies proef by Alma Mater

Soos wat dikwels die geval is, het drie oud-leerlinge van die Afrikaanse Hoërskool in Sasolburg aan die begin van die kwartaal hulle proefonderwys-sessie by die skool kom doen. Hulle is van links Abel Wolfaardt (B.Ed. 2de jaar, Affies-hoofseun 2009), Hanrie Bezuidenhout (3de jaar B.Ed., Top 10-leerling 2008), Sylvia Horstmann (B.Com. tans PGCE, matriek Hoërskool Sasolburg, tans afrigter van die skool se 1ste hokkiespan) en Iona Biom (B.Com., tans NGOS, leerlingraad Affies 2005).

Spel, stel en wedstryd

Konri Bekker van die Afrikaanse Hoërskool Sasolburg is eerste gekeur vir die Vaaldriehoek Junior tennis o/16-dogterspan. Die Vaal het op 11 Junie 'n toernooi teen Gauteng-Oos in Benoni gespeel en Konri het al haar wedstryde gewen.

Marisa Pienaar van Affies oorhandig 'n kombers aan 'n inwoner van New Life-kinderhuis.

Skaakmat

Barend van den Bergh van die Afrikaanse Hoërskool Sasolburg het aan die Driehoek ope-skaaktoernooi deelgeneem. Die kompetisie was straf, maar Barend het soos 'n wafferse pion voortgebeur en die o/18-afdeling gewen.



Affies doen die Strandloper-staptoer

Gedurende die Julie-vakansie het 'n groep Affies die Strandloper-staptoer in die Oos-Kaap gestap. Hulle het vier dae lank gestap en 58 kilometer afgelê. Van links is Fredo Vorster, mnr. Johan Steytler, Juanita Swart, me. Hester Burger, Armand Thysse, Janine Joubert en Bazil Gouws.

Janine Joubert, Fredo Vorster en Juanita Swart geniet hulself op die strand.

Saira-Lee Nel. Die foto is vroeër vanjaar tydens die Suid-Afrikaanse kampioenskappe geneem.

Aartjie na haar vaartjie

Sasol Ster

SASOLBURG. - Saira-Lee Nel van die Afrikaanse Hoërskool in Sasolburg het die afgelope atletiekseisoen puik presteer. Sy is 'n 15-jarige hamergooier wat o/17 deelneem. Sy behaal drie goue medaljes by die volgende byeenkomste: Sasol- en die Fezile Dabi-byeenkoms.

By die Vrystaat Interhoër het sy as toppresteerder vir Affies gedindig en die meeste punte vir die skool behaal. Sy het ook die 25ste plek onder die 50 atlete wat deelgeneem het, behaal.

Saira-Lee is gekies om aan die SA kampioenskappe deel te neem wat in die Paarl gehou is. Daar het sy 'n bronsmedalje verower in die derde plek en ook haar persoonlike afstand met vier meter verbeter.

Tydens die Yellow Pages se Youth Track and Field-byeenkoms wat in Germiston gehou is, verower sy weer 'n bronsmedalje en verbeter weer haar persoonlike afstand.

Nel is gekies om aan die Suid-Afrikaanse Spele deel te neem wat die tweede week in Julie by High Performance in Pretoria en in Oktober in Polokwane gehou word. Sy was ook twee jaar agtermekaar finalis vir die Vaalweekblad Sportster van die Jaar. Saira-Lee is ook gelys as die 5de plek onder die top 50 hoërskoolatlete in die land.

Saira-Lee is tans besig met haar winterprogram ter voorbereiding van die komende seisoen. Nel word deur haar pa Hannes Nel ('n Springbok- meesteratletiek hamergooier) afgerig.

Affies in skooluniforms en pantoffels op 'n wintersdag het al 'n bekende gesig geword. Die pantoffeldag wat jaarliks deur Affies se VCSV gereël word, is 'n fondsinsamelingsprojek. Vanjaar se opbrengs word aan 'n kinderhuis in Vanderbijlpark geskenk. Op die foto van links is Hesti-Mari Kleynhans, Ina-Marie Jansen van Rensburg, Bernette van Straaten, Anrica Coetzee en An-Elmarie Janse van Rensburg.

AHS uitvoerende komitee aangewys

Die Afrikaanse Hoërskool Sasolburg se uitvoerende komitee vir 2012 is onlangs aangewys. Voor van links mev. Marina Theron, Charlotte Moremoholo (terrein, grond en geboue), Nikkie de Lange (sport), Sasha-Lee van der Merwe (akademie), Chantell Matthee (kultuur), Emmie Venter (voorsitter/sekretaresse), Johané Pienaar (verhoudings) en mev. Alnet Botha. In die middel is Annelie Terblanche (ondervoorsitter), Lucky Matshaya (sport), Daniel Msibi (sport), Mongezi Mohlala (voorsitter), Eileen Hollamby (dissipline) en Leora Gouws (tesourie/finansies). Agter staan Carl du Toit (dissipline), Papase Letshao (terrein, grond en geboue), Vincent Vermaak (akademie), Wiehan Swanepoel (ontspanning), Armand Thysse (ondervoorsitter), Armand Algra (kultuur), Markus Madeleyn (ontspanning) en Minette Kleynhans (verhoudings).

Yolané wen internasionale kompetisie

Die Vaaldriehoek spog deesdae met 'n jong skoonheid wat 'n internasionale kompetisie gewen het.

Yolané Pienaar, 'n graad 8-leerder van Afrikaanse Hoërskool Sasolburg, het Suid-Afrika onlangs in Brasilië verteenwoordig in die Miss Pre-Teen Nations Internasionale kompetisie en het die titel teruggebring na Suid-Afrika.

Sy het teen verteenwoordigers van vyftig lande meegeding, alle afdelings gewen en is deur al 21 beoordelaars eerste geplaas. Yolané het die groot titel, "Miss Pre-Teen Nations", sowel as die "Best Dress of the Nations" ingepalm.

As deel van haar prys vlieg Yolané en haar ouers volgende jaar gratis na Brasilië as eregaste by die kompetisie. Sy het die kompetisie baie geniet en het verskillende besienswaardighede besoek waar onder die Opera de Arame, Parque Tangua, Jardim Botanico, Moretes Parana, Universidade Livredo Meio Ambiente , die Parana Parlement en die reënwoude.

Yolané Pienaar tydens haar kroning links bo en bo terug op die skoolbanke.

Emmie Venter 'n leerling van Afrikaanse Hoërskool Sasolburg het puik presteer op die onlangse Vaaloewer kunswedstryd en twee A++, vier A+ en twee A-sertifikate verwerf in klavier, viool, stryk-orkes, sang terwyl sy ook lid is van die dogterensemble.

Skool help New Life Children's Home

Schalk le Roux

SASOLBURG. - Leerlinge en onderwysers van die Afrikaanse Hoërskool Sasolburg was diep geraak deur die noodkrete van die New Life Children's Home in Vanderbijlpark.

Die VCSV het 'n projek geloods deur 'n insameling te hou vir die tehuis. Die leerlinge en hulle ouers, asook die inwoners in die dorp het hulle harte oopgemaak en ruim geskenk. Die goedere is aan die kinders van 3-17 jaar sowel as 'n agt maand-oue babadogtertjie geskenk. Elke inwoner het 'n Affie-kombers ontvang.

Me. Uzanne Barnard, Affies se lewensstrateeg en die VCSV-organiseerder, het die skenkings namens Affies oorhandig.

Ander groot borge was mnr. en mev. Lottering van ND-Technologies, mnr. Len Madeleyn van Mad's Plumbing en mnr. Piet Cilliers van WLS.

Hokkiespelers gekies vir Fezile Dabi-span

Die volgende Affie-hokkiespelers het die 2011 Fezile Dabi-span gehaal. Voor is Amie Mofokeng (o/14 dogters), Sunelle Botha (o/14 dogters), Carla Opperman (o/16 dogters) en Saira-Lee Nel (o/16 dogters). Agter is Cobus van der Merwe (o/14 seuns), Refilwe Mofokeng (o/16 dogters), Charlotte Moremoholo (o/18 dogters), Nikkie de Lange (o/18 dogters), Marisa Pienaar (o/16 dogters) en Fredo Vorster (o/16 seuns).

Ingesluit in o/19 seuns korfbalspan

Carel Strydom van die Afrikaanse Hoërskool is gevaarlik met 'n korfbal in die hand. Hy is onlangs in die Suid-Afrikaanse seuns o/19 korfbalspan ingesluit.

Die deelnemers aan die kunswedstryd is voor van links Adel Opperman, Cobus van der Merwe, Marno Gibbon, Sunelle Botha, Juandré Kok, Tommie Arpin en Joané de Jager. In die middel van links is Leora Gouws, Anrica Coetzee, Elani Nel, me. Hester Burger, Hesti-Mari Kleynhans en Nadia Swanepoel. Agter van links is Je'Meane Viljoen, Amishka Hattingh, Janine Joubert, Chantel Matthee, Simoné van den Berg, Jamari Fouché, Juanita Swart, Anri Janse van Rensburg, Bonnelie Opperman, Willlene Uys en Narissa de Villiers.

Affies presteer by kunswedstryd

SASOLBURG. - Die Afrikaanse Hoërskool Sasolburg (Affies) se dramaleerlinge het vanaf 10-19 Augustus in die voordragafdeling van die Vaaloewer-kunswedstryd deelgeneem.

Die skool het 102 items ingeskryf en het die volgende prestasies behaal: 19 A simbole (80-84%), 44 A+ simbole (85-89%) en 39 A++ simbole (90-100%).

'n Toneelstuk deur Armand Algra en Leora Gouws is aangewys as die beste toneelstuk van die kunswedstryd.